# HOOFSTUK 4.

## 4. KRITIESE EVALUERING.

### 4.1 VERTREKPUNT.

In die vorige hoofstukke is op die kenmerke van die eksistensialisme en die implikasies daarvan vir die opvoeding gewys sonder om standpunt daarteenoor in te neem. Die Christen-opvoeder kan daarmee nie vol= staan nie. Vir 'n evaluering van die eksistensialis= me en sy implikasies moet die Christen-opvoeder stand= punt inneem, self weer self-ondersoek en selfverant= woording doen, want die eksistensialisme as mode- filosofie het die roepstem van die moderne mens ge= word.

'n Sogenaamde neutrale of objektiewe lewenshouding sal nie as vertrekpunt van so 'n evaluering kan dien nie. As Oberholzer die wetenskap as "waardevrye en waar= deringsvrye aangeleentheid" (Oberholzer, 1954, p. 59), sien, kan daar dus geen sprake van 'n kritiese evaluering op beginselgrondslag wees nie.

Die eksistensialisme sal nou ge-evalueer word vanuit die Calvinistiese standpunt. Stoker definieer Cal= vinisme as: "Calvinisme is in beginsel die enigste konsekwente, harmoniese, totalitêre Christendom, om= dat sy uitgangspunt is: Uit, deur en tot God is al= le dinge, alles (die hele kosmos) behoort aan God

en is aan Gods wil en wet onderworpe, God is absoluut soewerein oor alles wat Hy geskape het; Christus is Verlosser en Herskepper en Koning van die hele kosmos; Gods woord werp lig op álle dinge; die mens is in alles wat hy doen en laat geroepe om God te dien en sy van God gegewe roeping te vervul; ensovoorts. Hiermee is alle Protestantse dualisme of skolastiek sowel as die Roomse twee-terreine leer by die wortel afgesny. Dit beteken dat ons in ons wetenskapsbeoefening (opvoeding) kontekstueel met al hierdie waarhede rekening moet hou en aldus ons héle wetenskapsbeoefening in diens van God stel." (Stoker, s.d., pp. 10 - 11).

## 4.2 DIE WESENSKENMERKE VAN DIE EKSISTENSIALISME.

Ofskoon die klem by die een anders mag val as by die ander, kan die volgende kenmerke, in die geheel gesien, as tiperend van die eksistensialisme beskou word.

### 4.2.1 DIE HUMANISTIESE KENMERK.

Die eksistensialis is opsetlik humanisties. Die mens staan hier in die sentrum; die eksistensiële mens is die middelpunt waarom alles draai. Nie alleen word die gesag van God ontken nie, maar ook

alle gesagsordeninge in die samelewing word ontken. (Van Wyk, 1973, p. 12). Hierdie humanisme is verder individualisties. Dit stel veral die individu in die middelpunt en bring 'n spanning daarmee ten opsigte van die samelewingsverbande.

Die mens bepaal sy eie wette en norme. Hy beskik oor sy eie lot in absolute vryheid. Die mens wat hier in die sentrum staan, hoef hom nie logies of rasioneel te verantwoord vir sy doen of late nie, omdat niks uiteindelik verklaar kan word nie en derhalwe vir die verstand ontoeganklik en dus irrasioneel is. Die eksistensialisme is dus 'n irrasionele humanisme.

Hierdie moderne vorm van menslike self-sentralisering lei tot die selfverskroeiing van die mens en tot 'n kultuurkrisis. In sy humanistiese vryheidswaan kluister die mens aan homself, selfs ten koste van die wêreld waarin hy leef. In die omgewing van hierdie afgod kan geen kultuur bloei nie. Kultuurdiens, arbeidsroeping floreer nie hier nie. (Vgl. Spier, 1951, p. 171).

Duvenage wys daarop dat ook wat die sedelike aanbetref, ons die opkoms van die sogenaamde Nuwe Moraalskool kry wat hom enersyds afkeer teen die sogenaamde wette en beginsels waarvolgens die mens moet lewe en wat andersyds die geluk van die individu en sy

kiesvryheid bo alle twyfel wil stel. Die Nuwe Moraal sou dan die nadruk lê op die liefde wat ter wille van die individu voorkeur moet kry. Die eerlike mens is die mens wat sy natuur uitlewe en hierdie natuur word beskou as onbedorwe en gaaf. In die beoordeling van sedelike en ander probleme word die vryheid en selfverantwoordelikheid as 'n maatstaf gebruik en nie die norme van welvoeglikheid nie. In die Nuwe Moraal kom ook weer die spanning tussen individu en die samelewingsverbande na vore. As die huwelik of gesin die vryheid van die individu aan bande sou lê, dan moet die vryheid van die individu die voorkeur ontvang. (Duvenage, 1972, p. 151).

Die Skrif openbaar aan ons dat God die mens na sy beeld en sy gelykenis geskape het. Slegs die mens is as sodanig geskape. Die skeppingsverbond gee aan die mens die opdrag om oor die aarde te heers en dit te beheers. Die mens bly egter 'n bondeling, voor en na die sondeval. Die mens is óf verlos van die sonde, dus vrygemaak, óf daaraan verslaaf. In die volvoering van sy bestemming op aarde as verloste al dan nie, dien hy as profeet, priester en koning, en dit word verge= stalt in die opvoedingswerk. (Stoker, s.d., pp. 10 - 11).

## 4.2.2 DIE REAKSIONêRE KENMERKE VAN DIE EKSISTENSIALISME.

Soos reeds aangedui het die eksistensialisme opgekom in reaksie teen die rasionalisme wat die rede die wetgewer van die kosmiese werklikheid wou maak en 'n verabsoluteerde wetenskaplike denke voorhou. Die ek= sistensialisme is dus irrasionalisties van aard. Vol= gens Spier stel die irrasionalistiese filosofie die menslike persoonlikheidsideaal as die self opgeroepe wetenskapsideaal wat uitgaan van die geloof in die outonome en soewereine persoon van die mens, waardeur nie meer die kosmiese wet vergoddelik word nie, maar een of ander subjek. (Spier, 1951, p. 164).

Rasionele kenbaarheid beteken vir die eksistensialis onvryheid. Kennis is mag, maar geken-word is magte= loosheid. "De menselijke existentie is echter een bron van onaantasbare macht en selfbeschikking; zij onttrekt zich onschendbaar souverein, aan iedere ana= lytische voorwerpelijkheid. (Zuidema, 1948, p. 10). Die eksistensialiste is eenparig in hulle verset en verwerping van 'n afgeslote of vaste sisteem waardeur tot 'n abstrakte vertolking van die mens geraak word. Alle objektiewe waarhede of dit nou filosofies of godsdienstig van aard is, is vir hulle sinloos.

Die eksistensialis is sisteemsku, dog is ook maar weer 'n -isme, wat naamlik die eksistensie verabso= luteer, dit wil sê die werklikheid. Ook die mens word vanuit een grondbeginsel, te wete die eksisten= sie, verklaar. Eksistensie kan volgens Skrifgefun= deerde standpunt nooit volmaak wees nie; die eksis= tensialis neem dus die onvolmaakte as sy uitgangs= punt. (Van Wyk, 1973, p. 110). Die Christen is dit eens met die eksistensialis dat die archimedespunt nie in enige kosmiese aspek (logiese, sedelike, ens.) geneem kan word nie, want geen behoorlike en werklik= heidsgetroue beeld van die tydelike kosmos in sy sin= totaliteit en sinverskeidenheid kan ooit vanuit die kosmiese verkry word nie. Eksistensialisme gaan aan immanente beperkinge mank. Ware kennis kan slegs vanuit die Godsopenbaring verkry word. Dit is dan meteens duidelik dat die Skrifgelowige denker sy ar= chimedespunt alleen sal vind in die Christelike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing. (Schoeman, 1975, pp. 16 - 17). Want deur hierdie grondmotief word ons denke gerig op die Christus van God en het ons daardeur deel aan die "nuwe wortel" van die herbore kosmos, want hierdeur word in Chris= tus die enigste ware archimedespunt van die denke/ rede verkry.

Tereg sê Gunter dat die eksistensialis, as gevolg van die oorbeklemtoning van die eksistensie en saam daar= mee van die subjektiewe en die individuele, die alge= mene, die objektiewe en die sistematiese misken en depresieer. (Gunter, 1964, p. 280).

4.2.3 EKSISTENSIALISME IS 'N KRISIS-FILOSOFIE.

Die twee wêreldoorloë in die eerste helfte van die twintigste eeu het die rasionalisties-humanistiese kultuuroptismisme laat oorslaan na 'n lewensgevoel van onveiligheid, angs en somberheid by die moderne mens. In hierdie totale krisis van die kultuur, moet die mens volgens die eksistensialisme soek na die laaste vastheid en sekerheid waaraan hy kan vasgryp in die absurditeit van sy bestaan.

Hierdie diepste of laaste vastheid en sekerheid moet die mens egter in homself, in sy eie eksistensie vind, terwyl hy by voorbaat weet dat hy dit in hom= self nie kan vind nie, omdat sy diepste wese volslae nietigheid, verganklikheid en sinloosheid is. Vol= gens Spier gee die eksistensialisme uitdrukking aan die moderne lewensgevoel van die "ongeborge" mens; dit gee gestalte aan defaitisme, pessimisme, wan= hoopstemming, ontworteling, negatiwiteit en 'n besef van die sinloosheid en absurditeit van die bestaan by die mens wat op homself teruggewerp is. (Spier, 1951, p. 167, vgl. ook Zuidema, 1948, p. 27).

Smart en lyding word deur die eksistensialis as 'n wesenseie van die menslike bestaan of eksistensie gesien. Die mens is begrens en bedreig deur sy eie situasie wat hy nie kan ontvlug nie.

Die lewe dra 'n noodlotskarakter wat in voortdurende verwording deur teëspraak, konflik en lyde bestaan. Alles is onbegrypbaar en 'n absurditeit. Venter skryf van die eksistensie-filosofie tereg soos volg: "Kleinlik en benepe in uitsig, kan dit die krisis wel aandui, maar nie die uitweg nie." En: "Wesenlik is die eksistensie-filosofie daarom die wanhoopskreet van die gesekulariseerde denke wat God uit sy lewe geban het, maar wat hom tog nie aan die Goddelike greep kan ontworstel nie. Dit is die pseudo-religie van die verwêreldlike kultuurmens in 'n absurde wêreld. Opsetlik het hy die toegang tot sy wesenlike eksistensie dig probeer grendel teen God en sy Wet. Hy staan buite die Woord - die hoop en besieling van geslagte wat wás, wat ís en wat sal kóm. Hy hoor die ruising van die lokkende klanke, maar hy verstaan daardie taal nie meer nie." "En tastend soek hy na sy God." "Hy vind hom nimmer meer nie. Want wie nie voor die God van die Skrifte wil buig nie, soek tervergeefs na Hom in die doolgange van sy wysbegeerte." (Venter, 1969, p. 90).

Die pessimisme van die eksistensie-filosofie is on-Bybels. By hulle hoor ons gedurig van angs, dood, vertwyfeling, mislukking, wanhoop, walging, skuld, uitsigloosheid. Die Christen het 'n hoop op die toe=koms. (Van Wyk, 1973, p. 12).

Die krisisbestaan van die moderne mens in die geïn=dustraliseerde en getegniseerde samelewing het ook sy invloed op die kuns en letterkunde van ons tyd. Die absurde, walglike en "diesseitige" word ver=heerlik en as vrye uiting van die kunstenaar se vry=heid beskou. Die opvoeder en die skool se taak ten opsigte van die dekadente invloede in die samelewing spreek vanself.

4.2.4 DIT IS 'N REDUKSIEFILOSOFIE.

Elke filosofie wat een deel van die ryke skepping van God of een aspek van die menslike lewe, neem en dit oorbeklemtoon ten koste van die ander of dit selfs vergoddelik, is 'n reduksiefilosofie of -lewensbe=skouing omdat alles dan herlei word tot hierdie een deel of aspek en alles van daaruit besien word.

By die eksistensie-filosofie word alles herlei na en besien vanuit die eksistensie, die konkrete bestaan van die mens. Die ander aspekte van die lewe van die mens - sy gevoel, sy wil, sy verstand en kenver=moë, sy liefde ensovoorts, word herlei en ook besien

deur die bril van sy eksistensie. Hierdie oorbeklemtoning van een aspek en die verwaarlosing of negering van die ander aspekte, moet noodwendig tot gevolg hê, dat die beeld van die mens wat deur die eksistensialis aan ons voorgehou word, 'n skeefgetrekte beeld en derhalwe 'n karikatuur van die ware menslike lewe is. Alleen as die menslike lewe besien word in die lig van die Woord van God word 'n suiwere beeld daarvan verkry en aan elke aspek sy regmatige plek en funksionering toegeken.

### 4.2.5 DIT IS 'N LIBERALISTIESE FILOSOFIE.

Die eksistensialisme toon baie duidelik trekke van die liberalisme omdat baie nadruk gelê word op die onbeperkte vryheid van die mens. In sy eksistensie moet hy onbeperkte vryheid van keuse hê. Hy moet aan geen gesag onderworpe wees nie, ook nie aan die gesag van God nie. (De Bruyn, s.d., p. 5). Die idee dat iets gegee is sowel as die behoort, word ontken. Hiermee word die werklikheid vervals, die lewe van sy sin beroof en die mens vergoddelik. Ook die neutrale beoefening van die opvoedkunde en opvoeding is liberalisties - dit onttrek die wetenskap aan die gesag van God. Die immanente spreek die laaste woord; die mens is selfskeppend, selfverklarend, selfverantwoordelik.

4.2.6 DIE KENMERKENDE ANTITESE.

Die antitese in die eksistensie-filosofie verskil van die Christelike antitese van geloof en ongeloof. Die antiteseleer van die eksistensialis rus op die basis van 'n individualistiese, irrasionalistiese, subjekti=vistiese lewensbeskouing. (Spier, 1951, p. 176). Hierdie antitese is die tussen eintlike (ware) eksis=tensie en nie-eintlike (valse) eksistensie.

Eintlike eksistensie is die lewenshouding van elk=een wat in die aanvaarding van sy eie vryheid en ver=antwoordelikheid vir homself sy eie lewenswet, sy handel en wandel bepaal presies net soos hy dit self wil hê.

Oneintlike eksistensie is die lewenshouding van die deursnee massamens wat verraad teenoor homself pleeg deur sy eie vryheid prys te gee en hom onderwerp aan die openbare mening of enige ander vaste norme of wette (ook die Christelike norme of wette) wat van buite af op hom neerkom en nie uit sy hart gebore is nie.

Hier het ons te doen met 'n valse antitese wat op tipiese liberalisties-humanistiese wyse, die ware Christelike vryheid laat omslaan in 'n onchristelike bandeloosheid met 'n "Ek is my eie baas" - houding. Die antitese-beskouing is, aldus, Spier, niks anders

as die verset van die individualisme teen die univer=salisme binne die perke van 'n irrasionalistiese per=soonlikheidsgeloof nie. (Spier, 1951, p. 176).

Uit die antitese-beskouing blyk ook die valse "ari=stokratiese" trekke van die eksistensialisme, wat die eintlike eksistensie beskou as die voorreg van slegs enkeles. Die enekeles wat die hoë trap van eintlike eksistensie bereik, word beskou as die vernaamstes, die verhewenes, die geestelike edelmanne. Die massa=mens, die gepeupel, wat oneintlik eksisteer, kan die hoë peil nie bereik nie, omdat die nie-eintlike eksis=tensie by hulle gevind word.

Dit behoort tot die verdienste van die eksistensia=lisme dat hulle gewys het op die ontstaan van die massamens wat nooit as individu na buite optree nie; alleen as lid van 'n massa is hy tot aksie te beweeg. Tereg sê Gunter dat ons pedagogies die lyn sou kon trek na die individuele kind as subjek of persoon wat gehelp moet word om die pad van die ware menslike be=staan te vind, te kies en daarop te bou en "daarom mag hy nie in enige mate aan die skool, die kerk of die staat as instelling, die leerplan, die leervak, die eksamen of die onderwyssisteem opgeoffer word nie." (Gunter, 1964, p. 266).

Die sedelike verval van die hede staan in noue ver=band met die voorgaande. So veel van ons jeug word opgeswelg deur die onpersoonlike massa en verloor daardeur hul vryheid, waarde en waardigheid as per=sone.

Die eksistensialis dwing kerk en skool albei om te besin oor die vraag of die mens in 'n veruiterlikte Christendom nie verlore gegaan het nie. Is die in=dividuele standpuntneming, beslissing en persoonlike aangesprokenheid nie verruil vir 'n sleur- en massa=bestaan waar die kind as individu verlore gaan en al hoe meer gefrustreerde jongmense op sedelike gebied wegdryf en met wangedrag en uitspattighede die aandag op hulle probeer trek nie?

### 4.2.7 DIE KLOOF TUSSEN DIE EKSISTENSIE EN DIE WêRELD.

Ondanks die in-die-wêreld-syn van die eksistensie is daar tussen beide 'n kloof. Hulle is prinsipieel ge=skei en het geen gemeenskaplike wortel nie, want die eksistensie is vry en ken geen ander wet as sigself nie, terwyl die wêreld die terrein is van die rasio=nele wetmatighede, waar die wetenskap sig kan uitlewe. Die sin van die wêreld word in die skema van die we=tenskapideaal vervat terwyl die sin van die bestaan slegs benader kan word vanuit die humanistiese per=soonlikheidsideaal.

'n Eenheidsvisie wat die totale geskape werklikheid omspan, ontbreek. In die Heilige Skrif openbaar God aan ons wie Hy is en wat sy verhouding tot die skep= ping, ding, plant, dier, mens is. God openbaar Hom in sy Woord aan ons as Skepper van alle dinge. Tereg sê Schoeman dat bestaande dinge nie hul finale bestem= ming immanent, dit wil sê binne hulself vind nie; want alle dinge wys heen na alle ander geskape dinge, en dié weer na die mens, en deur die mens na die Oor= sprong. (Schoeman, 1975, p. 37). Saam met die mens is die bestemming van die wêreld (skepping) dan wat Van Riessen noem: "ten diepste de dienst van God in Zijn Schepping." (Van Riessen, 1970, p. 173).

Die Christelike opvoeder se standpunt is dat alle ge= skape dinge en veral ook die opvoedende onderwys, 'n besondere, Godgegewe sin vertoon. Geen kosmiese as= pek, aktiwiteit of lewensvorm, en so ook nie die op= voeding nie, kan buite die sinvolle, onderlinge same= hang tussen die verskeidenheid, wat deur die Skepper gelê is, bedink word nie.

### 4.2.8 DIE EKSISTENSIALISME IS VREEMD AAN DIE OPENBARING VAN GOD EN DIE GOD VAN DIE OPENBARING.

Sommige eksistensialiste, onder andere Sartre, is oortuigde ateïste. Ander eksistensialiste praat wel van God of van die Transendente, maar tereg sê

Spier: "het is duidelijk, dat dit niet de God en Vader van onze Here Jezus Christus is, maar een phi= losophiche god, die zij zich naar het exempel van de menselijke existentie gecreëerd hebben, een verborgen god, die ons van zichself geen openbaring gegeven heeft." (Spier, 1951, p. 200).

Loen gee die indruk dat hy vanuit die goddelike woord= openbaring wil filosofeer en in sy wysbegeerte die God van die Bybel wil bely as die vaste grond vir ons lewe en denke. By nadere ondersoek blyk dit egter, dat die eksistensialistiese motiewe van irrasionale humanistiese denke, ook by hom die openbaringsmotiewe vervorm het, sodat hy selfs sy eksistensie-idee van die mens as historie in God projekteer en daarmee die grond van die geopenbaarde Woord van God verlaat het, om op pseudo-christelike wyse in die humanistiese ideaal vas te steek. Die vryheidsidee van Loen ont= trek die menslike eksistensie prinsipieel aan die wet van God. (Spier, 1951, p. 202).

## 4.3 DIE KENTEORETIESE UITGANGSPUNT VAN DIE EKSISTENSIALISME.

Die konsekwente eksistensialisme, soos dié van Sartre, wat die mens in die wêreld slegs vanuit die eksisten= sie as uitgangspunt wil verstaan en verklaar, het geen positiewe waarde vir die pedagogiek en die sede=

like in ruimer sin nie. (Gunter, 1964, p. 278).

Die subjektivering word in so 'n mate geradikaliseer dat die enigste kriterium vir waarheid (kennis) in die subjek self geleë is. Dit is uitsluitlik in die subjektiwiteit en nie in objektiwiteit nie dat die primêre kennis gevind word. Objektiwiteit is geen soeke na die waarheid nie, maar eerder 'n onderwerping aan die gemiddelde mens en die gemeenplaas. Jaspers verklaar selfs dat die eksistensialistiese kenne al= leen waarlik rasioneel is as geheel die rede, feitlik en bewustelik, gegrond is in a-rasionalisme (non-reason). (Jaspers, 1951, p. 118).

Gemeenskaplik aan alle eksistensialiste is dat hulle anti-rasionalisties en ook anti-sistematies is. Die rede met sy abstraksie help om die konkrete lewe te vervreem, en juis die konkrete liggaamlike situasie van die mens is belangrik. Die nadruk word oral en altyd op die konkreet persoonlike, die hele mens, die eintlike ek gelê. Die persoonlikheid is geen objek tussen ander objekte nie, nog minder is dit 'n ding tussen ander dinge. Dit bly 'n subjek tussen ander subjekte.

In hierdie bewerings is daar seker 'n mate van waar= heid, maar die teendeel is ook waar : dit kan 'n ge= vaarlike oordrywing wees. Die persoonlikheid is geen

ding nie. Dit is waar! Dit is ook waar dat ons 'n sekere bewustheid het van ons eie aktiwiteite in 'n a-teoretiese en nie-objektiewe sin. Maar tereg sê Wild: "This practical apprehension is dim and hazy. Unless it is supplemented and clarified by objective insight, it may lead us into irrational bias and fanaticism .... it is dangerous to neglect any mode of cognition to which we have access. Each has its contribution to make. (Wild, 1955, p. 183).

Eksistensialisme in sy ruimer betekenis kan aangedui word as daardie soorte denke waarin die mens se ek= sistensie op 'n besondere manier op die voorgrond getree het in die mens se verstaan (ken) van homself, die wêreld en God. (Gunter, 1964, p. 247). Objek= tiewe, begripmatige kennis is dus nie die enigste kennis nie, maar daar is ook eksistensiële kennis. Objektiewe kennis is koue kennis en moet plek maak vir warme kennis, wat met die eksistensie verbonde is, naamlik eksistensiële kennis, want bo-alles is nood= saaklike kennis subjetief en innerlik. (Heinemann, 1954, p. 40).

Die subjektiwisme van die eksistensialis is 'n uiter= ste teenstander van die Christelike geloof, want noodwendig sal dit geen plek laat vir die uitsprake van God se Woord as geldende waarheid nie. Die sub= jektiwisme kan geen outoriteit bo homself erken nie.

Alle wet of norme word deur die dryfkrag van die sub= jek deur homself geskep. Fourie stel dit dat vanweë sy verankerdheid in die subjektiwisme, is die eksis= tensialis in opstand teen alle denksisteme wat 'n be= slag van buite aan die belewing van binne wil gee. "Miskien is dit daarom dat die mens van ons tyd die klem verskuif van die objektiewe wêreld van dinge buite hom na die innerlike, van die empiriese erva= ring na die intuïtiewe ervaring, want die enigste sfeer van ware bestaan is dan ware subjektiwiteit." (Fourie, 1975, pp. 5 - 6).

Die voorgaande het ook positiewe waarde vir die op= voeding. Die verwerping van die oormatige rasiona= lisme in die opvoedkundige teorie en praktyk van die verlede met sy metode van objektivering, meting en kwantifisering, het die opvoedeling as eksisterende subjek misken. Die klem op intelligensietoetsresul= tate, parate feitekennis en die "puntelisme" maak die opvoedeling tot "ding", "syfer" of objek. (Van Wyk, 1973, p. 9).

'n Ander beginsel van positiewe waarde is dat die op= voedeling se kennis op werklike belewing moet rus; dat belewing en subjektiewe kennis albei primêr is. Om te eksisteer is belangriker as om te ken; eksis= tensiële kennis kom voor objektiewe, konseptuele kennis. (Morris, 1966, p. 211).

Die klem skuif dus van passiewe opname van koue feite=kennis na aktiewe deelname. Projekte waar die eie belewing, handeling en inspanning tot eksistensiële kennis lei, voed beter op as stukke wat "geleer" moet word.

Ook die irrasionele karakter van die eksistensialisme hou vir die opvoeding waarde in. Dit vestig die aan=dag pertinent daarop dat daar ander soorte kennis is as wat die koue verstand alleen verskaf. (Pistorius, 1969, p. 281).

Die intellek-behoptheid van die moderne onderwys en veral die moderne skool het ongetwyfeld 'n eensydige ontwikkeling van die opvoedeling tot gevolg gehad. Daardeur het hy ongevoelig geword vir die buite-sin=tuiglike en bo-rasionele kennis wat slegs vir die ge=loof toeganklik is. Spier is dit eens dat die klem tereg gelê word op die belangrikheid van die irrasio=nele, maar dit dring ongelukkig nie deur tot die aan=vaarding van die bo-rasionele nie. (Spier, 1951, p. 171).

In die kenleer van die eksistensialis plaas die mens homself in die middelpunt en skend so die religieuse totaliteitsvisie. Niks in die kosmos is outonoom, eiemagtig en selfbepalend nie. Die totale geskape werklikheid en elke deel daarvan is Gode-subjek

(aan God onderworpe). Omdat alle menslike funksies bepaal word deur die religie wat op die hart van die mens beslag gelê het, sal ook sy kenne deur sy religie bepaal word. Die Christus-herbore hart kan dus nie anders nie as om die werklikheid te ken by die verhelderende lig van die Evangelie van Jesus Christus. Die universeel-gesaghebbende Woord van God strek sy outoriteit ook uit oor die menslike kenne. (Van Wyk, 1974, p. 8).

Die Christen-opvoeder weet dat alle kennis kreatuurlik begrens is en dat sy kenaksie deur die sonde verduister is en dat wetenskaplike kennis verifikasie vereis (bewys en begronding - God is die diepste Grond van alle bestaan); sy Woord is 'n waarheid waarop die kenner hom verifiërend kan beroep. (Van Wyk, 1974, p. 8).

Die probleem van die kennis kan ons alleen benader vanuit die geloof dat God die Skepper van hemel en aarde, ook die Alkenner is. Hy ken alles, omdat Hy die bron is van alles: die hele skepping, hemel en aarde, ding, plant, dier en mens is voorwerpe van sy volmaakte ewige kennis. Tussen die Skepper en sy skepping bestaan daar 'n absolute grens: Hy is die Kenner, die skepping is die gekende. God het die mens ook geroep en bekwaam tot kennis van sy skepping; alles in die skepping is vir die menslike

kenner (subjek) kenbaar; mens, dier, plant lewelose ding. Die kosmos as 'n openbaring van God, as gedagte van die Alkenner, is onmiddellik gegee in die bewussyn van die mens as 'n objektiewe openbaring, as kenbare." (Coetzee, 1960, p. 125). Hiermee is die Christen-gelowige se antwoord op die eksistensialis se miskenning van die subjek-objek relasie gegee.

## 4.4 KOSMOLOGIE EN ONTOLOGIE.

Heidegger onderskei in sy visie oor werklikheid nie tussen materie en idee nie, maar tussen syn en nie-syn; dit wil sê die grondvraag is nie om 'n oorbrug te vind tussen gees en stof nie, maar tussen dit-wat-is en dit-wat-nie-is-nie. Die vraag is alleen te beantwoord vanuit die mens as kennende fenomeen. Die synsvraag kan nie beantwoord word deur die histories-gewortelde Logika of Metafisika (die Christelike wetenskapsbeoefening is volgens die eksistensialis ook metafisies van aard) nie, waarby die mens hoor, maar glad nie verstaan nie. (Heidegger, 1951, p. 233).

Die Dasein moet deurgrond word om tot die Syn te kom want slegs vanuit die menslike eksistensie kan die werklikheid benader word. Die eerste grondmotief van die Heideggerse ontologie is dat die Niks die teenhanger van die bestaande is. Die synde, die bestaan=

de, kan alleen verklaar word as dit teenoor die nie-syn, die nie-bestaande of die niks gestel word. (Zuidema, 1972, p. 202).

Die eksistensialisme wat uitgaan van die menslike be=staan as geworpene in sy situasie in die wêreld as fundamentele gegewene, sonder om die vraag na die oorsprong van die mens te stel, impliseer, ontolo=giese nihilisme. (Gunter, 1964, p. 315). Vir die eksistensialis is die idee van 'n ontologie onmoontlik vanweë die feit dat in alle ontologiese beredenering die idee van die Syn ge-objektiveer word, en vir die eksistensialis is die objektivering 'n vervreemding van die eksistensie, sodat in 'n ontologie die eksis=tensie verdwyn. Die subjektivering word geradikali=seer sodat die enigste kriterium vir waarheid en werk=likheid in die subjek geleë is. Vir Sartre gaan die bewussyn aan die niks vooraf en as bewussyn van die objektiewe is dit 'n totale leegheid, 'n inhoudloosheid. (Sartre, 1956, inleiding p. 1 ii). Daar kan dus streng gesproke nie 'n ontologie as syn in die abstrak=te gekonstrueer word nie. Die fakties-gesitueerde mens kan as enigste singewer alleen 'n wêreld-vir-my konstrueer en kan aan die objektiewe slegs ontiese sin toeken.

Vir die opvoeding en onderwys sou voorgaande 'n tweër= lei betekenis kan hê. Enersyds sou dit beteken dat die waarde van opvoeding en onderwys bepaal word deur die subjektiewe oordeel van die opvoedeling, want ook hy is in sy vryheid onbegrens en outonoom en hoef daarom nie te glo dat óf onderwys óf opvoeding enige sin dra nie. In die lig van bostaande is beide im= mers deel van die omringende objektiwiteit wat geen sin in sigself dra nie. Andersyds sou dit beteken dat die wetenskaplike kennis van die kontingent synde eweseer sinloos is of hoogstens sinvol vir my. Van 'n algemeen-geldige waarheid kan dan selfs in natuur= wetenskaplike sin geen sprake wees nie.

Alle wetenskap is op die kosmos as ondersoekveld gerig en word gerig vanuit die hart. Die religie (harte= gerigtheid) is bepalend vir die realiteitsvisie, waar= onder die kosmologie. (Van Wyk, 1974, p. 8).

Strauss stel dit dat die mens as kroon van die skep= ping, en as konsentrasiepunt van sy aardse tuiste, geroepe is om in gehoorsaamheid aan sy Skepper be= heersend en vormend besig te wees. Sy werkplaas is aan hom gegee - sy aardse tuiste; sy aktstruktuur (die gereedskap van sy persoonlikheid) en die voor= skrifte waarvolgens hy die werk moet doen - die wet van God. (Strauss, 1964, p. 49).

Tereg sê van Wyk, dat wanneer die Christelik opvoed= kundige hom dus op die pedagogiese werklikheid rig, weet hy dat hierdie werklikheid aan God behoort en dat hierdie werklikheid kreatuurlik is en dat niks daaruit verabsoluteer mag word nie, soos onder andere die eksistensialiste doen. Hy weet ook dat hierdie werklikheid onder die vloek van die sonde lê en eers van vervalsinge gereinig moet word om die essensie, egtheid, waarheid en sin daarvan te peil. Hierdie werklikheid het 'n struktuur en sin wat na sy Skepper heenwys en dat sy struktuurmonente of kosmiese dimen= sies ondersoek moet word om geanaliseer te kan word, maar eers in sy relasie tot die Skepper werklik be= gryp kan word. Hy weet ook dat die koningskap van Christus oor hierdie werklikheid geproklameer moet word en dat alle bemoeienis met hierdie werklikheid bepaal word deur Goddelike roeping en Godsliefde, naasteliefde en kosmosontginning sodat hierdie werk= likheid na sy Goddelike bestemming ontsluit kan word. In hierdie werklikheid lê nie slegs 'n radikale ver= skeidenheid soos gelê is deur die Skepper nie, maar ook 'n onderlinge samehang tussen die verskeidenheid. (Van Wyk, 1974, pp. 8 - 9).

As onderhouer van die tydelike kosmos is God ook die Singewer aan en Eindbestemming van alle opvoedings= handelinge sowel as alle opvoedkundige besinning, en word die sinvolle bestudering van die opvoedingsfe=

nomeen eers werklik sinvol in sy Godbetrokkenheid. (Schoeman, 1975, p. 39).

God se skepping is sinvol en ordelik. Dit beteken vir die opvoeding en onderwys dat letterlik niks buite orde kan gedy en wasdom bereik nie. Die noodsaaklikheid van koers, planmatigheid en doelmatigheid in die opvoedende onderwys word hierdeur beklemtoon. Dit beteken ook dat dit as 'n direkte opdrag aan die opvoeder gestel word om doelbewus by die opvoedeling eerbied en liefde aan te kweek vir die beginsels van ordelikheid en wetsgehoorsaamheid.

Die chaotiese bandeloosheid van die sogenaamde "open schools" en "vrye dissipline" van die moderne tyd word summier as vals en onhoudbaar verwerp omdat dit teen die Goddelike wêreldorde indruis en daarom alleen tot anargie en uiteindelike selfvernietiging moet lei, soos duidelik gemanifesteer word in die terreur van die moderne jeug in sommige Westerse lande.

Vir die Christen-opvoeder het die feit dat God die ewige Singewer van die geskape werklikheid is implikasies met betrekking tot die wese en sin van die opvoeding, die inhoud, die roepingsgedagte, die noodsaaklikheid en moontlikheid van die opvoeding, die doel van die opvoeding en ook met betrekking tot

vryheid en gesag in die opvoeding.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat vir die Chris=ten-opvoeder, die sin van die ganse opvoedingsbemoeie=nis met die opvoedeling, alleen te vinde is in die Godgerigte grondslag, naamlik dat alle dinge uit, deur en tot God bestaan. Hierdie grondslag of grond=beginsel geld ook wanneer die antropologie en die op=voeding bespreek word.

## 4.5 ANTROPOLOGIE.

Soos in hoofstuk twee aangedui draai alles by die ek=sistensialisme om die mens en sy eksistensie. Daarom is die antropologie sentraal in hierdie lewensbeskou=ing. Die mens staan in die sentrum, die mens sonder God. Die mens is die vertrekpunt vanwaar die synde oorskou en waarbo geen absolute gegewe staan om die mens te interpreteer nie. Dit is veral so omdat die menslike vryheid as absoluut in sin en norm aanvaar word. Die eksistensialisme bied daarom ook geen ver=antwoordelike antropologie nie en lei ook nie tot 'n teoretiese mensbegrip waarin die mensheid ingepas kan word nie. "Wanneer hier dus sprake is van 'n lewens=beskouing as antropologie moet dit verstaan word in dieselfde onafgeslotenheid, teenstrydigheid en raai=selagtigheid as die ontologiese." (Van der Merwe, 1964, p. 116).

## 4.5.1 DIE MENS IS 'N GEWORPE WESE.

Wanneer Heidegger die mens na sy herkoms tipeer as 'n geworpenheid in die syn - "Dasein .... ist durch und durch geworfene Möglichkeit" (Heidegger, 1949, p. 114), en Sartre die mens beskryf as die eksistent in omstandighede, as geworpene in 'n wêreld en aan sigself oorgelaat in situasie (Sartre, 1956, p. 82), 'n situasie waarin hy homself as voortdurende tekort ervaar, kan daar van ware Christelike opvoeding geen sprake wees nie, want die mens besit geen inhoud of geskape natuur of ideële prekonsepsies om te vervul nie.

Vanwaar hy geworpe is, hoe hy van nie-syn tot bewus=syn geword het, is nie van belang nie want vir die ateïs is geen bewys vir die begin of einde van die wêreld moontlik nie, ook nie vir die geskapenheid van die mens nie. Die "daar wees" van die mens is ook geen vasstaande datum nie. Dit is 'n kwessie van "zu sein oder nicht zu sein." (Jaspers, 1952, p. 77).

Voorgaande siening van die mens sal beteken dat, om=dat die mens na sy herkoms 'n geworpe wese sonder enige prekonsepsie is, daar ook vir die opvoeding geen geldige waardes sal wees wat enige dwingende verpligting op die opvoeder lê nie. Elke opvoeder sal self besluit waartoe hy die opvoedeling wil op=

voed. Die opvoedeling sal ook vry wees om te besluit of die waardes wat aan hom voorgehou word vir hom enige geldigheid het. Dit beteken by implikasie die opskorting van die aksiologiese en die sedelike op= voeding.

Tereg sê Van Wyk dat die geloof in God en sy Woord 'n siening van die mens (opvoedeling) impliseer as beelddraer van God, geroepene tot Gods- en naaste= liefde en kosmosontginning. (Van Wyk, 1974, p. 7). Geen fenomeen kan openbaar dat die mens beelddraer van God is soos die Skrif leer nie, en as beelddraer is hy die religieus-bepaalde kroon waarop die ganse tydelike skepping aangelê is. (Spier, 1951, p. 242). Die Skepper het vir sy bestaan niks nodig nie en is van absoluut niks en niemand afhanklik nie. Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alles wat was, en is en sal wees. God het alles terwille van Homself, tot sy eie eer, en verheerliking gemaak; alles moet open= baring van sy grootheid, wysheid en almag wees. (Van Wyk, 1974, p. 7). Waar die eksistensialis die mens sien as geworpene in 'n absurde wêreld, sien die Chris= ten-opvoeder hom as 'n geroepene in 'n in sonde gevalle wêreld, vir wie daar verlossing deur Christus bewerk is. (Van Wyk, 1973, p. 11).

## 4.5.2 DIE MENS IS ONAF, ONVOLTOOID.

Die eksistensialisme sien die mens as onvoltooid, oop en onaf. Eksistensie is nie 'n werklikheid nie, maar moontlikheid. Die eksisterende mens is steeds in be= weging. Hy is nie, hy word. "Hy is restloos his= torie." (Spier, 1951, p. 173). Om menslik te eksis= teer beteken om die lewe en die kultuur met sy op= voedkundige en ander sinsye te transendeer. Die mens op pad na sy toekomstige self, besit die onto= logies-gefundeerde bestemming om steeds meer as wat hy is te word.

Eksistensie staan teenoor essensie. Eksistensie is nie soos essensie, vasomlyn en onveranderlik nie, dit is ope moontlikheid, voortdurende ontwerping van sig= self in die toekoms. Die mens moet nie waardes ver= onderstel en daarin sekerheid soek nie; hy moet dit skep, uit homself voortbring. Eksistensie beteken vryheid; die mens fel voortdurend beslissings in eie vryheid om so homself te verwesenlik. Hierin lê sy verantwoordelikheid. Menslike vryheid is vryheid tot verantwoordelikheid.

Volgens Gunter is die dinamiese siening van die mens - hy wat homself deur keuses en inset moet vorm - op= voedkundig waardevol omdat dit die verantwoordelik= heid van die opvoedeling beklemtoon. Hy beklemtoon

die feit dat die eksistensialis elke kind se verantwoordelikheid op die hart wil druk deur hom op te voed tot persoonlike verantwoordelikheid. Hy moet geleer word om self die verantwoordelikheid te aanvaar vir al sy dade en vir wat hy in elke stadium van sy lewe is, of besig is om te word. (Gunter, 1964, p. 266).

Dat die mens 'n wese is met moontlikhede en dat die persoonlikheid nie 'n gegewe klaarheid is by die verskyning van die eksistent nie, impliseer dat die mens as wese opvoedbaar is. Ook in die sedelike opvoeding is dit noodsaaklik dat die opvoedeling se oordeelsin ten opsigte van die sedelike ontwikkel moet word, aangesien sedelike opvoeding 'n innerlike groeiproses, 'n proses van innerlike bewuswording is, wat stelselmatig geskied. Tereg sê Gunter dat die taak van die opvoeder meer is as toerusting met vaardigheid en kennis. Want dit gaan nie om die leervak wat onderwys moet word nie, maar om die wordende kind in sy konkrete situasie wat opgevoed moet word. Die opvoedingsituasie, die onderwyssisteem, die kurrikulum, eksamens, ensovoorts, is nooit doeleindes nie, maar middels in diens van die opvoeding van die persoon. (Gunter, 1964, p. 266, vgl. ook Van Wyk, 1973, pp. 8 - 9).

Vir die opvoeding sou dit verder beteken dat die per= soon-in-wording gelei moet word tot die diepere er= varing van die lewenswerklikheid in al sy menigvul= dige fasette, en ook tot aktiewe deelname in die daarstelling van die hoogswaardevolle. Die passiewe luisterskool sal dus moet plek maak vir aktiewe be= lewenis, vir skeppende handeling. Ook met die feit dat die kreatiewe eksistent in persoonlike keuse kan bepaal hoe hoog hy hom deur inspanning en ywer wil bekwaam, sal die opvoeding moet rekening hou by die opleiding van die ontwikkelende persoonlikheid. Dit spreek vanself dat die leerstof rekening moet hou met die ervaringsveld van die wordende kind.

In die beklemtoning van die vrye selfverwesenliking van die eksistensialis, word die vryheid verabsolu= teer. Aanvaarding van absolute vryheid impliseer ontkenning van absolute waarheid, beginsels, norme, doelstellings, want dit bind die mens. Absolute vry= heid impliseer verantwoordelikheid teenoor die self. Absolute vryheid loop uit op nihilisme, doelloosheid en absurditeit van die menslike bestaan. (Van Wyk, 1973, p. 10).

Vir die Christen-opvoeder is vryheid gehoorsaming aan die Goddelike wet, dit is ook om getrou te wees aan die Goddelike roeping. In die opvoeding moet nie net aan die kind voorgehou word dat hy behoort nie,

maar ook wat hy behoort, want die wat van die behoort is ons deur Goddelike openbaring in sy Woord gegee. (Van Wyk, 1973, p. 11).

Die eksistensialis sien die mens as steeds op weg. Nooit is hy gearriveerd nie. Hy bly soekend en mag nooit vind nie. Sy lewe is dus 'n vraagteken sonder hoop, op 'n antwoord. Die Christen daarenteen het hoop op die toekoms. (Vgl. Van Wyk, 1973, p. 6).

### 4.5.3 DIE MENS IS 'N TYDELIKE WESE.

Die mens is vir die eksistensialis egter nie onvol= tooibaar alleen vanweë die feit dat sy moontlikhede oneindig is nie, maar ook vanweë die feit dat hy ein= diglik eksisteer. Die dood spreek vir die outonoom vrye mens die laaste woord: voortkomend uit die niks, bepaal deur die niks, vind die mens sy laaste bestem= ming in die niks. Heidegger se vryheid-tot-die-dood en Sartre se stelling dat die mens 'n vergeefse passie is, kan nie beskou word as die mens se vergeefse soeke na die sin in die lewe nie, maar eerder as die vergeefse soeke na absolute sin, na selfgenoegsame vir-sigself-as-in-sigself. (Sartre, 1956, p. 615).

In die taal van Jaspers is die mens tot skipbreuk gedoem. Die sombere stemming geld selfs vir die

konsepsies van Loen en Marcel, wat volgens Spier myle ver verwyder is van die nihilisme van Heidegger en Sartre. (Spier, 1951, p. 174).

Daar sal dus geen einddoel wees waartoe die mens in sy finale lotsbestemming opgevoed kan word nie of waarheen hy in die laaste instansie op reis is nie. Die ateïstiese eksistensialisme vra alle aandag vir die hiernoumaals en hekel die Christelike gedagte van die hiernamaals. Die opvoeding sal dus sy doel moet vind in die onvoltooibare en tydelike daarwees van die mens. Uit hierdie tydelike vloei die leuse: Carpe diem! Die toekoms kom in die hier en die nou (hic et nunc) op my af. Daarom moet ek leef vir die oomblik, want die lewe is sinloos en ook die dood is sinloos.

Tereg sê Schutte: "Vandag is dit egter waar dat die wêreld 'n produk geword het van die mens se 'eie' skepping. So raak dit die mens en veral die jeug se diepste sorge en vrese en beweeg by hom in die ware hier-en-nou. Die eksisterende jeug, die nuwe vra=ende jeug wat dors na persoonlike betekenis in 'n wê=reld van wetenskap, tegniek en gemeenskap, wat wel 'n antwoord gee op die vraag: 'Wat kan die mens doen?' soek na ankers, nuwe vaste punte." (Schutte, 1969, p. 11). Dit impliseer die taak van die opvoeder ten opsigte van die weerbaarmaking van die moderne jeug

wat sy vaste punte soek in die greep van seks, alko= hol en verdowingsmiddels. Die plek en funksie van Godsdiensonderrig is hier duidelik omlyn.

Vir Pistorius het die klem wat die eksistensialisme op die dood lê opvoedkundige waarde, hoewel in 'n ne= gatiewe sin. Hy beweer dat in die moderne bestaan, wat eensydig op die "pursuit of happiness" gerig is, lyding en dood verberg en by implikasie as 'n nie-menslike bestaanswyse voorgestel word, waardeur dit vir die kind demoniese betekenis kry. Die feit dat hy altyd in die aangesig van die dood lewe, het 'n veredelende uitwerking op die mens, want dit laat hom vra na die waarde van sy handeling. (Pistorius, 1969, p. 283).

Teenoor die eksistensialistiese siening van die dood staan die Christelike siening. Volgens, De Klerk moet ons onderskei tussen drie vorme van dood : "In die eerste plek is daar sprake van die tydelike dood. Dit word soms die liggaamlike afsterwe genoem. In die tweede plek is daar sprake van die geestelike dood. Dit is die deurbreking van die band met God vanweë die sonde van die mens. Hierdie geestelike dood kan die mens uit homself nie oorwin nie, maar kan alleen deur die wedergeboorte van die Heilige Gees. Maar dan is daar nog 'n derde vorm van dood, naamlik die ewige dood, die dood van die totale

mens na die oordeel van God." (De Klerk, 1972, p. 205).

Vir die Christen-opvoeder wat as sondaar en verlorene bewus is van sy eie nietigheid en tydgebondenheid, kom die geloof en die woorde van Paulus egter duidelik uit die duister van sy donkere lewensuitkyk : "Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins." (Fillipense 1 : 26).

### 4.5.4 <u>DIE MENS AS EENHEIDSWESE</u>.

Die mens is vir die eksistensialis deurleefde liggaamlikheid. Die liggaam is die situasie van menswees, 'n noodsaaklike deel van die mens se situasie in die wêreld. Die mens staan as konkrete mens in die konkrete situasie. Hy is nooit samestelling van twee of meer dele nie. Hy is nie liggaam nie; hy is nie gees nie, ook nie 'n rekenkundige som van die twee nie.

Hy word steeds en as wordende is hy 'n eenheid van deurleefde liggaam. Siel en liggaam is ononderskeibaar. Daar word nie 'n ideële wêreld agter die konkrete syn van die mens veronderstel nie. (Van Wyk, 1973, p. 7).

Tereg sê Van Wyk dat 'n belangrike opvoedkundige gedagte wat regstreeks uit die eksistensie-filosofie

voortspruit, die siening is dat die opvoeding altyd te doen het met die hele kind in sy totaliteit. Die opvoeding is 'n ondeelbare eenheid. Die gees word nie oorbeklemtoon ten koste van die liggaam nie. Ook word die liggaam nie ten koste van die gees beklem= toon nie. Van sowel opvoeder as opvoedeling word geestelike inspanning en die inset van die hele per= soon geëis. (Van Wyk, 1973, p. 8).

Die eksistensie-filosofie bring die mens as gees-liggaam weer opnuut na vore en teken die mens se lig= gaamlikheid as uitdrukking van sy selfheid. Van der Merwe sê dat die Christen-opvoeder hom daarvan sal moet vergewis of sy benadering aan hierdie eksisten= siële belewing beantwoord en hy sal moet rekenskap gee daarvan of hy hierdie eenheidsvisie handhaaf, dit wil sê of hy nog na die bedoeling van die Woord, die liggaam beskou as uitdrukking van die gees om die lof van God op kenbare wyse te realiseer. (Van der Merwe, 1964, p. 229).

Hieruit vloei voort dat die liggaam as knooppunt van al die strukture van die menslike bestaan in die op= voeding betrek word. Tereg sê Brillenburg Wurth dat as die Christendom weer sy aanklank by die mens van die dag wil herwin, sal die Christen-opvoeder moet besef dat die mens as persoonlikheid 'n eenheid is wat nie onverskillig is teenoor die aardse lewe nie.

Hier is sy taak hom toegewys en daarom moet hy die aarde trou bly sodat hy sy taak met vreugde en toewyding kan vervul, al is hy hier 'n reisiger wat geen blywende stad het nie. Van askese en bekrompenheid, van geesdrywery en afkeer aan die liggaamlike eksistensie kan daar geen sprake wees nie. Selfs in sy vrye tyd behoort die Christen die lewe te geniet en die fees van die lewe te vier. (Brillenburg Wurth, 1951, pp. 5 - 6).

Die taak van die Christelike opvoeding in die situasie van die twintigste eeu, waar die aan homself oorgegewe jeug in sy verwildering nie alleen geen perke ken nie, maar skynbaar daarop uit is om elke gevestigde gebruik te vertree en elke wet te oortree, is 'n uitdaging, 'n geweldige taak om eerstens die mens as individu aan homself terug te gee, en om tweedens die lewe met nuwe sin, nuwe vruegde en volheid te vul deur die mens te leer om ook as liggaam Christelik te eksisteer; maar derdens moet hierdie ondeelbare eenheidsvisie van die mens veranker wees in iets beters en hoërs sodat die mens self, in sy persoonlike verantwoordelikheid teenoor sy Skepper, bereid sal wees om die lewe te lei tot die eer van God.

Die Christelike lewe moet gesien word in die lig wat Paulus dit bedoel. "Julle is tot vryheid geroep;

gebruik net nie julle vryheid as aanleiding tot die vlees nie." (Gal. 5 : 13). Immers nie die liggaam=likheid nie, maar die oorgawe aan die vleeslike los=bandigheid is die sonde. Daarom leer die Skrif dat die liggaam die tempel van God is en dat Hy in gees en liggaam, wat beide aan Hom behoort, verheerlik moet word. (1 Kor. 6 : 19 - 20).

4.5.5 DIE MENS IS MENS IN SITUASIE.

Vir Heidegger is menslike eksistensie 'n saam-wees met andere (Mitsein). Wanneer die mens egter sy indivi=dualiteit prysgee en saamsmelt met die ongedifferen=sieerde massa, dit is "das Man", bestaan die oneint=like eksistensie. Ook vir Jaspers vind die mens sy werklike eksistensie in die koëksistensie. Ook Mar=cel beklemtoon die mens se gerigtheid op ander mense. Vir Sartre is die mens gedoem om op andere gerig te wees. (Pedersen, 1956, pp. 70 - 72). Sartre werp die mens geheel-en-al op homself terug en eis dat hy die las van die lewe self moet dra. Sartre se eksis=tensialisme konsekwent deurgevoer, maak die opvoeding in sy ware betekenis sowel onmoontlik as sinloos en onnodig. (Gunter, 1964, p. 277).

By die ander eksistensialiste is die mens, anders as by Sartre, ook vertikaal transenderend. As vraag na die Syn is die mens die rustelose vraesteller. Soos

voorheen aangetoon, verskil hulle antwoorde oor wat die Syn,is, skerp van mekaar.

Die opvoedingsituasie word korrek gesien as 'n sosiale situasie en die belangrikheid daarvan word beklemtoon. Die opvoeder wil hierdie bepaalde individuele kind leer ken en verstaan deur hom persoonlik te ontmoet in sy konkrete situasie, deur hom tegemoet te tree in 'n eksistensieel-dialogiese verhouding. (Gunter, 1964, p. 264). Die betekenis van kommunikasie (Jaspers) is dat die skool hom moet instel op geestes=kontak en -verkeer tussen die leerlinge onderling, tussen onderwyser en leerling en tussen die leer=kragte onderling. Die onderwyser is in die situasie nie "leermeester" nie, maar helper, raadgewer, leier, vriend. (Vgl. Van Wyk, 1973, p. 10). Die persoon=like kontak en positiewe verhouding tussen leerling en onderwyser word benadruk. Die leerlinge en die onderwyser moet saamwerk, saambeplan, ten opsigte van groepwerk, klasbesprekings, groepaktiwiteite, ens.

Die opvoeding en onderwys in die Christelike skool het die taak om die individuele kind wat voor die versoeking staan om in die wêreld op te gaan, hom=self te verloor en deel te word van die massamens, te help om die pad van die ware menslike bestaan te vind, te kies en daarop te bou. Die eksistensia=lisme het in hierdie sin 'n belangrike betekenis

vir die opvoeder van ons tyd. Want die wêreld oor die algemeen en ons land in die besonder, het vandag 'n dringende behoefte aan manne en vroue wat bereid is om deur eie beslissings positief te antwoord op die uitdaging van die situasie waarin ons verkeer, om selfstandig en onbevoordeeld te dink en volgens eie oortuigings ja of nee te sê: mense wat hulle met oorgawe kan wy aan die uitdaging van die blywende Christelike, sedelike en maatskaplike deugde. (Gun= ter, 1964, p. 271).

Die sedelike verval onder die hedendaagse jeug, staan in noue verband met die voorgaande. Die taak van die Christelike skool is dus om te verhoed dat die jeug hul toevlug sal neem tot, en sal opgaan in die sosi= ale massa en daardeur hul vryheid, waarde en waardig= heid as persone sal verloor. En ook nie hulself sal onttrek en in 'n selfsugtige individualisme sal verval nie, maar as persone wat hulle verantwoordelikheid teenoor hulleself, hul medemense, hul land en volk en daardeur ook teenoor die wêreld sal besef en be= reid is om dit na die beste van hul vermoë na te kom.

Die eksistensialiste sien tussen opvoeder en opvoe= deling slegs die inter-menslike verhoudings raak. Stoker sê tereg dat ons hier nie net met louter in= ter-verhoudings (inter-menslike en inter-individu= ele) te doen het nie, maar juis ook en veral met die

intra-verhoudings kragtens die struktuureenheid en doel (taak, bestemming) van die skool en gegee met die unieke verhouding van onderwyser en leerling wat veel meer is as 'n bloot inter-menslike verhouding. (Stoker, s.d., p. 54).

Hoewel die mens 'n unieke, individuele persoonlikheid met sy eie geaardheid, aanlegte, vermoëns en beperk= ings is, kan hy nooit los van sy lewensmilieu van stof, plante, diere, mense en verbande bedink word nie, en ook nie los van sy Oorsprong nie. Die mens is terselfdertyd individuele persoonlikheid dog ook lid van 'n samelewing. Elke mens oefen op die een of ander wyse invloed op sy medemens uit, en vir die Christen hou hierdie saak belangrike implikasies in. Die mens se sosiale funksies, daardie samestelling van eienskappe wat by mense tot goeie medemenslike verhoudinge lei, moet ook Godgerig ontsluit in die sin dat hulle onder leiding van 'n ontslote geloofs= funksie tot volle uiting kom. Gevolglik is die Chris= ten-opvoeder daartoe geroepe om die opvoedeling via 'n besondere skoolvak, dog ook deur sy omgang met hom binne en buite die klaskamer, te lei tot 'n welaange= paste en ingepaste, aanvaarbare lid van die gemeen= skap en samelewing waarin hy hom bevind.

## 4.5.6 DIE MENS IS 'N VRYE WESE.

Die proses van eksistensiële selftransendering word voltrek deur die neem van beslissings, vryheidskeuses in die hier-en-die-nou. Die outonome mens word gehuldig as die skepper van sy eie norm, as die volstrek vrye wat met sy lewe kan maak wat hyself wil en daarvoor uitsluitlik aan homself verantwoordelik is. "Gods soewereine vrijheid, die alles doet naar zijn welbehaaglik wil, heeft men voor humanistische persoonlijkheidsverering toegekend aan elke mens, uit wie en door wie en tot wie men alle dingen waant te zijn." (Spier, 1951, p. 197.)

Volgens Van Wyk sny die eksistensialisme die mens los van sy wortel, naamlik God. Dit blyk uit die benadering van sy absolute vryheid, sy verantwoordelikheid, selfverwesenliking, ensovoorts. Die kind moet byvoorbeeld opgevoed word tot verantwoordelikheid. Verant-woord-elikheid veronderstel 'n woord om op te antwoord. Om te antwoord moet daar 'n roep wees; dit veronderstel iemand wat roep. Vir ons as Christene is dit duidelik dat verantwoordelikheid slegs kan wees teenoor Hom wat die roeping oplê. Die taak van die mens is nie selfverwesenliking (selftransendering) nie, maar roepingsvervulling deur totale oorgawe aan die wil van God, die terugbring van die afgevalle skepping na sy eintlike bestemming, naamlik die verheerliking van God. (Van Wyk, 1973, p. 11).

Nie alleen is die mens in die taal van Sartre op homself aangewys om die wet of norm te formuleer nie (Sartre, 1949, p. 25), maar ook die uitvoering daarvan is sy eie verantwoordelikheid. Dat die subjektiewe individualisme die enigste grond vir wet en waarde is, bring mee dat die wet steeds opnuut geformuleer en die waardes in nuwe ontwerp kreëer word. Wet en waardes is nie absoluut en onveranderlik nie, maar relatief en buigbaar. Brillenburg Wurth sê tereg hierop dat die wet in kosmiese sowel as ontiese sin, deur God as wetgewer daargestel is. Die wet is daarom die skeiding tussen God en mens, want die mens is met heel die kosmos aan die wet onderworpe. (Brillenburg Wurth, 1957, p. 27).

Stoker wys daarop dat 'n negatiewe bepaling van vryheid as onafhanklikheid nie tussen die vryheid van God en die vryheid van die mens kan onderskei nie, maar lei tot die gevolgtrekking dat vryheid die vermoë is om die wet te oortree. (Stoker, 1937, p. 19). Die Christen weet dat hy deur Christus vrygemaak is tot afhanklikheid van God. Hierdie vryheid is 'n genadegawe. As alles dan genadegawe is, word die wetsvervulling 'n voorreg om God te mag liefhê. (Stoker, 1937, p. 13). Want vrygemaak van die wet, is die Christen hegter verbonde aan God as deur objektiewe wet en norm. Christelike vryheid is 'n

daaglikse aangesprokenheid deur God en betrek die mens in gans sy bestaan. (Stoker, 1937, p. 26).

Die eksistensiële beskouing van die kind as indivi= du, as persoonlikheid en as eksisterende subjek het wel vir die opvoeding en onderwys positiewe waarde. Die individuele kind in sy konkrete opvoedingsituasie en nie die algemene idee-kind nie, word as uitgangs= punt geneem. Daar word dus deeglik rekening gehou met individuele verskille. Wanneer die kind nie as objek nie, maar as eksisterende subjek gesien word, bestaan daar min gevaar dat die opvoeder kontak met die kind en sy opvoeding sal verloor.

Dit is 'n ope vraag of die Christelike opvoeding nie allengs vergeet het dat die kind 'n individuele ek= sistent is nie, sodat die Christelike skool 'n een= dersheid en eenvormigheid aanvaar het waarby die in= dividuele en eksistensiële beslissings en stelling= name geëlimineer is. Dit is nie sonder rede dat die mens in die getegniseerde en geeslose bestaan van die dag 'n massamens geword het nie. Deur die beklemto= ning van die individu het die eksistensialisme dit opnuut beklemtoon dat die antwoord nie in die alge= meen-geldige sisteem te vinde is nie en dat die mens nie net as massamens kan bestaan nie.

Opvoeding as vrye eksistensiële belewenis moet voor= siening maak om aan die individu die geleentheid te bied om na sy eie aard en aanleg tot volle wasdom te kom. Die opvoeder sal hom dus tot die opvoedeling as individu met individuele aanlegte en vermoëns moet wend vir hierdie inligting wat van kardinale beteke= nis vir sy verhouding tot en bemoeienis met 'n bepaal= de leerling is. Opvoedende onderwys vereis persoon= like kontak en deur differensiasie word dit vir die opvoeder moontlik gemaak, deurdat minder hindernisse in sy weggelê word, waardeur ontsluiting van die normatiewe kaders na God, effektief kan plaasvind. Ofskoon daar talle besware - ook vanuit Christelike kamp - teen differensiasie ingebring word, kan ons deur gesonde differensiasie ook van die doodse een= vormigheid wat ons onderwysstelsel so laat stagneer, ontsnap. Deur differensiasie kan wel in 'n mate die onderskeid wat deur God in sy skepsele gelê is en as aktualiteit in die opvoedingsituasie bestaan, effek= tief in aanmerking geneem word. (Vgl. Schoeman, 1975, pp. 54 - 55).

Op die gevaar van 'n outonomie wat geen binding ken nie, is reeds gewys; hier gaan dit om die doodse een= dersheid van alle onderwys waarby alle kandidate deur een en dieselfde eksamen beoordeel word, waar die ek= samengerigte onderwys, met sy meganistiese inoefening

veel meer begaan is oor standaard as oor menswaardig= heid en persoonlikheidsvorming. (Fourie, 1963, p. 8). Die onmeetbare produkte van opvoeding is belang= riker as die meetbare. Word die "papier", byvoor= beeld die skryfwerk van die kind, nie al te dikwels belangriker as die kind geag nie?

Tot die ander uiterste, waar die mens verabsoluteer word en as vertrekpunt gekies word, soos byvoorbeeld, by Heidegger en Loen, waar die individu so vereen= saam word, dat Roberts die wêreld van die eksisten= sialis, die wêreld van die solipsis noem (Roberts, 1957, p. 215), moet die Christen-opvoeder ook nie gaan nie.

Vir die opvoeder is dit dus die taak van die dag om die individuele waarde van elke opvoedeling opnuut te besef. Die groot "massa-skool" is hiertoe nie die aangewese hulpmiddel nie, want veelal word die kind gereduseer tot 'n syfer op 'n puntestaat. Tyd sal ge= vind moet word om in elke kind persoonlik belang te stel, sodat hy ook kan voel dat hy waarlik mens is en belangrik is. Indien dit nie gebeur nie, sal steeds meer jongmense via die afwykings soos dwelm en seks= misdrywe, op soek na individuele aandag, in die arms van die eksistensialisme gejaag word.

## 4.6 AKSIOLOGIE.

Eksistensialisme berus in 'n groot mate op 'n aksiologiese benadering van die lewe; trouens "it is saturated through and through with 'choice' and since 'choice' is always a value enterprise, then all of life is primarily an exercise in valuing." (Morris, 1966, p. 309). Dit bring die gedagte dat die mens individueel die hoogste regter van die morele dimensies van die heelal is. Die mens kies vryelik, geen mag buite homself kan vir hom 'n keuse dikteer of forseer om 'n keuse te doen nie, en wat ons ookal kies: "we therefore morally are." (Morris, 1966, p. 309).

Alle aprioristiese verstaan van waardes word radikaal afgewys. God kan aan ons geen waardes voorhou en opdragte gee nie, omdat hy nie bestaan nie. Indien God wel bestaan, dan sou die mens as eksisterende self die waardes skep. Deur die mens bestaan die waardes. Wanneer Sartre poneer dat "...... nothing makes value exist - unless it is that freedom which by the same stroke make me exist." (Sartre, 1956, p. 95), impliseer dit dat die mens self bepaal wat hy wil bestrewe, wat hy as die begeerde tot sy bestaan wil toevoeg en hierin word hy deur niks begrens nie maar ook deur niks gedwing nie. Die vryheid is dus die enigste en finale uitgangspunt

in die bepaling van die eties-waardevolle, van die aksiologies-sinvolle.

Die mens maak dus sy keuse ten opsigte van waardes sonder enige aprioriese waardes en is daarom alleen vir homself verantwoordelik. Waardes self is dus relatief en van individuele belang. Omdat die mens=like handeling altyd onvoltooid is, kan waardes wat in die verlede gegeld het, nie meer vir die toekoms geld nie, omdat hy dan sy waardes anders kan kies en bestrewe. Waardes is dus nie 'n gegewe nie, maar 'n interpretasie. Daarom verklaar Jaspers dat die mens die weg na die waarheid kan soek in 'n vasberadenheid wat steeds oop bly.

Tereg sê Van Wyk dat by die eksistensialisme 'n on=skriftuurlike waardemitologie aan die woord is. Die eksistensialistiese eis van waarderealisering neem al meer en meer die vorm aan van 'n waardekultus. Waardes verdring en vervang beginsels. Vir die ek=sistensialis bepaal nie God of die ewige beginsels die sin van die menslike handeling nie, maar waardes. (Van Wyk, 1973, p. 12). "Om waardes as doeleindes in die opvoeding te stel is om agterstevoor te werk te gaan, want waardes is gevolge, resultate van han=delinge wat gefundeer is en beantwoord aan die waar=heid van die Woord van God, die Skrifbeginsels. Wie by die kind waardes wil kweek, kweek dus fariseërs,

want die waarde (eerlikheid, gehoorsaamheid, ensovoorts), moet in die beginsel gefundeer wees."
(Van Wyk, 1973, p. 13).

Die Christen-opvoeder moet dus by die beginsel begin, nie by die end-sel (waarde as resultaat van beginsel), nie. Waardes behoort tot God se skepping. Dit is dus kreatuurlik. Opvoeding behoort tog hoër as die skepping, as hierdie wêreld te mik. Dit moet in die eerste plek op God, Woord, die Skrifbeginsels, die norme en sy wet gerig wees. Slegs handelinge uit die geloof in God deur Christus, slegs waardes wat uit die ewige beginsels van God se Woord voortvloei, kan God behaag.

## 4.7 METODOLOGIE.

'n Metode is 'n wyse van handeling. Handelinge as sodanig is nie metodes nie. Die metode dui op die hoedanigheid van die handeling. Opvoedkundige metodes dui op die weg waarlangs en wyse waarop wetenskaplike kennis van opvoeding opgedoen word. Metodes word begrens en bepaal deur die beginpunt en die doelpunt daarvan. Daarom is 'n metode 'n verantwoordelike en beplande wyse van handeling, 'n gerigte en doelmatige handeling. Metode is 'n middel, nooit 'n doel nie. Dit is 'n middel om 'n doel te bereik. (Van Wyk, 1974, p. 10).

Die eksistensialisme maak veelvuldig gebruik van die fenomenologie, waardeur die algemeen aanvaarde weten= skaplike benadering van ondersoek óf heeltemal ver= werp óf nie as 'n noodsaaklike opvolging van die feno= menologiese metode beskou word nie. As noodsaaklike aanvulling van die wetenskaplike metode wil die ek= sistensialis dan afsien van sy rol as toeskouer en in die lewensarena of verhoog tree om deel te neem aan dit wat daar gebeur. (Allen, 1935, p. 49). Hy wil nie objektief en op 'n afstand waarneem nie, maar in= tree in die lewensgebeure en verskynsels en dit deur= skou soos dit aan ons in die werklike lewe gegee is. Nou sê Heidegger is die fenomenologie 'n middel in 'n metafisiese neutrale sone waardeur die "sake self" sig vertoon en gee voor dat die bewussyn tussenin kan tree. Sartre se fenomenologie is ook nie beperk tot blote beskrywing van die onmiddellike fenomene nie, maar dit ontrafel hulle deur hulle te analiseer as doelbewuste manifestasies van fundamentele feno= mene waaruit hulle voortvloei wat intuïtief is en wat nie nodig is om te bewys nie.

Uit voorgaande blyk die neutraliteitspostulaat in die metodologie van die eksistensialis. Die afwysing van Christelike wetenskapsbeoefening vanweë die sogenaam= de metafisiese aard daarvan is naïef, want Christe= like prinsipes is gegronde apriorieë omdat dit van

Goddelike oorsprong is - wie wetenskap buite die lig van die Skrif wil beoefen, ontken die sondeval (waar=deur die verstand van die mens verduister is), ontken die korrektief deur Christus, gaan van die onvaste, die kontingente uit, kan nooit tot die normatiewe kom nie en misken die wese van die kenbare. (Van Wyk, 1973, p. 12).

Metodes, ook wetenskaplike metodes, dus ook opvoed=kundige metodes, is nooit neutraal nie. Die opvoed=kundige metode word bepaal deur die beginpunt (sien=ing van die opvoeding) sowel as die doel van die op=voedkundige met hierdie op die opvoeding gerigte handeling. Die opvoedkundige op wie se hart die Christelike religie beslag gelê het, het 'n besondere siening van die opvoeding en 'n besondere doel wat eie is aan die Christelike religieuse ingesteldheid en daarom sal daar by die Christelike opvoedkunde sprake wees van 'n Christelike metode. Die geloof in die God van die Skrif as die Absolute impliseer erkenning van die onselfgenoegsaamheid van metode as gevolg van die kreatuurlike beperktheid daarvan. Die Christelik-opvoedkundige sal dus waak teen verabsolutering van 'n wetenskaplike metode. Daarom is die reduksiemeto=de van die eksistensialis, waardeur een aspek, naam=lik die eksistensie verabsoluteer word, nie aanvaar=baar vir die Christelike opvoedkundige nie.

Die Christelik-opvoedkundige stel hom nie tevrede met blote beskrywing van die opvoedingswerklikheid nie, maar trag om die werklikheid te sistematiseer, te verklaar, te evalueer en sy resultate te verifieer met volle inagneming van wat God in sy Woord in ver= band met die opvoedingsrealiteit openbaar. (Van Wyk, 1974, p. 11).

Stoker wys tereg daarop dat die fenomenologies-ek= sistensiële metode gebruik kan word in teorievorming of as "promising leads for experimental research!" Dit het sy plek naas die gebruiklike natuurwetenskap= like metode omdat dit iets besonders en fundamenteels vir al die onderskeie wetenskappe te sê het en omdat dit ons na aan die wesentlike van die verskynsels bring. (Stoker, 1968, pp. 111 - 112). Stoker rig 'n vermaning as hy sê: "Ons moet as Christen-opvoed= kundiges (wetenskaplikes) met ons beoefening van wetenskap oop wees vir alles wat kenbaar is, ook oop (in fundamentele sin) vir die Woordopenbaring van God aangaande Homself en Sy verhouding tot alle dinge." (Stoker, s.d., p. 24, vgl. ook Strauss, 1964, p. 84).

## 4.8 WESE, NOODSAAKLIKHEID EN MOONTLIKHEID VAN OPVOEDING.

In die bepaling van die wese van die opvoeding neem die eksistensialis ook die fenomeen van die opvoed=

ing as uitgangspunt. Daaruit blyk dat die opvoeding as universele verskynsel beperk is tot mense waarby sekere graduele verskille allengs opgehef word deur= dat die persoonlikheidstruktuur van die onvolwassene dermate beïnvloed word dat die selfstandigheid uit= loop op onafhanklikheid (dit is selfverantwoordelik= heid). Vir die ateïsties-vrye mens wat handhaaf dat die mens 'n geworpene in die syn is, 'n eksistensie sonder doel of oorsaak buite sigself, is die op-lei= ding, die begeleiding tot volkome onafhanklikheid die wese van ware opvoeding.

Opvoeding word gesien as 'n universele inter-menslike verskysel wat hom uit 'n omgang-situasie (vgl. Jaspers se kommunikasie) deur die ontmoeting tussen volwasse= ne en volwasse-wordende voltrek. Die opvoeding is moontlik omdat die onvolwassene as mens 'n hulpbehoe= wende vraende wese is, en dus oor die moontlikheid van opvoeding besit, juis omdat die kind self iemand is wat iemand wil word, ook omdat hy gedurig in wording is. Die moontlikheid impliseer ook die nood= saaklikheid van opvoeding. Die volwassene kan nie eksistensieel opreg bestaan en skouerophalend langs die onvolwassene verby gaan nie.

Van Wyk se antwoord op die vraag "wat is opvoeding," is dat dit 'n sinsvraag is en die antwoord daarop (wat ons deur kennis van die wet verkry), is die

aanduiding van sin. Die inhoud van die sin-wees van die opvoeding is die eer van God, want alle geskapene bestaan tot eer van God. Opvoeding los van die wet is sinloos en nihilisties. As definisie van opvoeding stel hy: "Opvoeding is 'n toerekenbare, verantwoordelike, doelstellende, noodwendige, transendent-teleïs bepaalde, religieus-gestempelde afhandelbare gebeure, handeling, aktiwiteit of daad waarby minstens twee, 'n mondige en 'n onmondige mens, mekaar in 'n doelbewuste beïnvloedingsituasie ontmoet met die oog op toerusting (leiding en vorming) van die onmondige mens vir sy lewenstaak." (Van Wyk, 1973 B, p. 13).

Vanuit die Christelike grondslag van skepping, sondeval en verlossing tree gewigtige implikasies met betrekking tot die noodsaaklikheid en moontlikheid van die opvoeding aan die lig. Tereg sê Schoeman dat opvoeding die doelbewuste omhoogleiding van die onmondige mensekind na God moet wees. Dit impliseer dat die kind vanself nooit tot volwassenheid kan "groei" nie, maar dat leiding en hulpverlening deur die opvoeder 'n noodsaaklike voorwaarde vir die terugbinding van die afvallige mensehart na sy Oorsprong, is. Die noodsaaklikheid van opvoeding lê verder daarin dat behalwe vir die "ontwikkeling" tot fisiese volwassenheid, dit juis in die onvolwassenheid van

die normatiewe akstruktuur is dat opvoeding (omhoog=leiding) noodsaaklik is. (Schoeman, 1975, pp. 44 - 45).

Vir korrekte normatiewe ontsluiting is doelbewuste voorligting deur 'n opvoeder nodig, aangesien die in=herente kies- en keurvermoë van die opvoedeling on=ontwikkeld is en kennis van goed en kwaad, reg en verkeerd, deur opvoeding teweeggebring moet word. Ook die gewete is met menswees gegee, dog die kennis van die sedewet en Godwelbehaaglike sedelike norme moet deur opvoeding van die kant van die opvoeder op=setlik aangekweek word. Ook ten opsigte van die kul=turele grootmaking moet dieselfde patroon gevolg word. Vanuit homself besit die mens geen kennis van of waar=dering vir die kultuurskatte van sy gemeenskap nie, en sodanige kennis moet verwerf word.

Die Skriftuurlike religieuse grondmotief verskaf ook belangrike perspektiewe ten opsigte van die moontlik=heid van die opvoeding. Die mens as beelddraer van God, beskik oor besondere gawes sodat hy besonder toegerus is vir sy taak om die skepping van God te ontsluit asook om omhoog gelei te word. (Schoeman, 1975, p. 44). Indien die opvoeding noodsaaklik is, moet dit ook moontlik wees, aangesien die Skep=per, geen eis aan die ouer sou gestel het om die kind op te voed, indien dit nie moontlik was nie. (Vgl. Van Loggerenberg en Jooste, 1966, p. 121).

Die doopbelofte wat in hoofsaak op die godsdienstige opvoeding van die Christen-kind toegespits is, moet in die lig van bogenoemde gesien word as 'n "opvoed=ingsbelofte", omdat dit die Christen-opvoeder as verbondsmens in 'n ewige en heerlike verbondsrelasie met sy God plaas, en word hy dus in staat gestel om sy kind, wat nou as verbondskind hierby ingelyf is, na sy Oorsprong op te rig.

Die wese, noodsaaklikheid en moontlikheid van die op=voeding, kan en mag dus nie anders as teen die reli=gieuse grondmotief gesien word nie.

## 4.9 DIE DOEL VAN DIE OPVOEDING.

Net soos die eksisterende jongmens, die nuwe vraende jeug wat dors na persoonlike betekenis in 'n wêreld van wetenskap, tegniek en gemeenskap, wat wel 'n ant=woord gee op die vraag "wat kan die mens doen?" soek na nuwe ankers, nuwe vaste punte, so soek die opvoedkundige, volgens Schutte, ook vandag na nuwe doelstellings wat die hier-en-nou, die eksistensie, lewenswerd maak. So sê die eksistensialis moet die kind gebring word om te besef dat hy verantwoordelik is, persoonlik verantwoordelik is vir hierdie mens=gemaakte wêreld waarin hy eksisteer. (Schutte, 1969, p. 11).

Dit is veral die ortodoks-Christelike, by name die Calvinisme, wat aan die opvoeding en onderwys, aan

die opvoedkunde as Wetenskap, aan die verskynsel van die sedelike soveel meer bied as wat die eksistensia= listiese beskouing ooit kan bied. Dit bied die uitsig op hierdie lewe so heerlik en duidelik, maar ook 'n uitsig op die toekomende. Dit trek die aandag van die funksievraag van Dewey "wat kan ek doen?" af, asook van die eksistensiële vraag: "wie is ek?", want hoe belangrik hulle ookal vir hierdie lewe mag wees, hul= le kan nie beantwoord word voor ons nie weet "Wie is God?", en "Waartoe is ek?" Daarom kan ons by die eksistensialis gaan verneem wat hy in die "ek" sien en by Dewey wat hy meen wat die mens moet doen en hoe, maar dit dan alles en veel meer integreer in die ge= loof dat die mens na God toe geskape is. Watter a= spek van die lewe wat die opvoeder op sy opvoedings= weg ontmoet, val buite hierdie ligkring, en word nie daardeur tot totale bevrediging verlig nie? Dis waar van die fenomeen, teruggevoer tot die oerfenomeen; dis waar van die hier-en-nou, sowel as van die toe= komende, op aarde en in die hemel. En daarmee dan ons Calvinistiese opvoedingsdoel nog net so ongeskon= de, suiwer en realisties soos toe Paulus dit gestel het: "Mense van God, tot alle goeie werk volkome toegerus." (Schutte, 1969, p. 12).

Die doel van die eksistensialis, naamlik verantwoor= delikheid, is te waardeer. Hy wil die kind verant= woordelikheid op die hart druk en hom opvoed tot

persoonlike verantwoordelikheid. Dit is die opvoeder se taak om die kind te help en te lei om die regte gebruik van sy vryheid te maak. Hy moet geleer word dat sy lewe 'n taak is. Die taak van die onderwyser is dus meer as toerusting met vaardigheid en kennis. Hy moet die kind opvoed tot verantwoordelike keuse. (Van Wyk, 1973, p. 8 en Gunter, 1964, p. 266 asook Pistorius, 1969, p. 282).

"Die geloof in 'n soewereine God en aanvaarding van sy gesaghebbende Woord, laat die Christen-opvoeder die doel van die opvoeding in die lig van die Goddelike roeping sien. Verantwoordelikheid kan slegs wees teenoor Hom wat die roeping oplê. Die Christen sien die mens as geroepene in 'n in sonde gevalle wêreld vir wie daar verlossing deur Christus bewerk is." (Van Wyk, 1973, p. 11).

Waar die sedelike vryheid as hoogste doel deur die eksistensialisme gestel word, beteken dit dat eksis= tensiële opvoeding gerig is op selfbestemming, wat in die woorde van Brillenburg Wurth, "noch puur in= dividualistisch, noch willekeurig is," omdat die 'self' deur 'n spesifieke waardebesef steeds op die ander betrokke is. "Opvoeden wil dan betekenen: hel= pen op de weg naar de verwerklijken van de waardebe= levende en waardescheppende persoon tot verantwoorde= lijkheid." (Brillenburg Wurth, s.d., p. 69). Van

'n waaragtige transendering in die gees soos die Bybel dit ken en die diepe dankbaarheid wat daar van die mens moet uitgaan na sy Skepper in sy relasionele be=trokkenheid, is hier min te vinde. Tereg wys Gunter daarop dat die mens se vryheid in die wese van sy ver=antwoordelikheid egter geen ongebondenheid is nie, maar dit is vryheid tot antwoord op die Woord en aan die naaste in die wêreld. (Gunter, 1964, p. 353).

In die lig van die feit dat opvoeding die doelbewuste omhoogleiding van die onmondige mensekind na God toe is, is dit by implikasie duidelik dat die kind vanself nooit tot volwassenheid kan "groei" nie, en dat die opvoedingsdoel van "verantwoordelike selfbepaling" ook ten opsigte van die sedelike opvoeding 'n tipiese humanistiese siening is. Die mens word 'n god want hy kan volgens hierdie siening, selfverantwoordelik en selfbepalend wees.

Coetzee noem die sedelikheid een van die belangrikste, verwyderde doelstellings van die opvoeding. "God is goed en Hy roep die mens tot goedheid." (Coetzee, 1960, p. 283). Die mens kan alleen gelukkig wees en innerlike vrede besit as hy geleer het om die goeie te soek en te doen, as hy sedelik gevorm is. Die sedelike vorming, ook genoem die karaktervorming van die mens, is een van die hoogste doeleindes van alle ware opvoeding. (Coetzee, 1960, pp. 283 - 284).

Die opvoedingsdoel kan ook gesien word as die deel= name aan die waarheid (vermeerdering van kennis), maar nie bloot 'n wete terwille van die wete nie, maar die vermeerdering van kennis moet lei tot beter diens aan God. Die gawe van kennis het die mens nie terwil= le van homself ontvang nie, maar om God daarmee te verheerlik. De Graaff stel dit dat die doel van die opvoeding is om die fundamentele toerusting daar te stel vir die leiding van die opvoedeling om aan sy roeping te kan beantwoord, en hierdie roeping is om in al sy aktiwiteite, van die nuutgevonde lewe in Christus te getuig. Die kind moet leer om sy lewe aan die wil van God te onderwerp. Sy vernaamste taak en roeping is om God te dien volgens sy ordinansies, en sy skepping te beheers tot diens van God en mede= mens. (De Graaff, 1966, pp. 112 - 114).

"Indien die primêre lewensroeping van die mens kosmos= ontsluiting, Gods- en naasteliefde is, is die roeping van die opvoeder, dit wil sê die doel van die opvoed= ing, immers die ontsluiting van die kosmos vir die kind se potensiaal uit Gods- en naasteliefde en tot Gods- en naasteliefde." (Van Wyk, 1974, p. 13).

As die doel van opvoeding en onderwys kennis van lief= de vir die diens aan God en medemens en ontsluiting van die kosmos is, dan beteken dit dat die opvoeding as inhoud het Godskennis, natuurkennis en mensekennis.

Daarom sal die inhoud van opvoeding en onderwys wees studie van die Bybel, dit wil sê Godsdiensonderrig, en ook studie van die natuur- en menswetenskappe as= ook die vaardigheidsvakke wat die kind vir sy taak toerus. (Van Wyk, 1974, p. 13, vgl. ook Schoeman, 1975, p. 97).

## 4.10 VRYHEID, GESAG, DISSIPLINE EN TUG IN DIE OPVOEDING.

Gesien in die lig van die voorgaande en veral die be= klemtoning van die mens as vrye en outonome wese deur die eksistensialiste, sal noodwendig die aspekte van vryheid, gesag, dissipline en tug in die opvoed= ing na vore gebring moet word.

### 4.10.1 VRYHEID EN GESAG.

Die kategorie van die vryheid speel 'n essensiële rol in die hedendaagse denk- en lewensklimaat. Begrippe soos die rebellerende of die opstandige mens word daagliks gehoor. "De mens is vrij, mondig, verant= woordelijk. Er is geen gedetermineerd-zijn, er be= staan geen waarden a priori, voor of achter de mens, die hem in zijn vryheid belemmeren. 'Ik ben mij vrijheid', zegt Sartre." (De Ru, 1967, p. 84).

As die eksistensialis sy hoogste norm in die menslike vrye kreatiewe akt positiveer, dan stel hy wel 'n norm

waarheen hy, by implikasie, sy onderwyspraktyke wil rig en lei. Dit is egter 'n skraal norm wat weinig rekening hou met die geestelike dimensie, want die normatiewe terrein lê verankerd in die onsigbare werklikheid van die gees, die werklikheid en rigting=gewende beginsels en waardes, van ideale en doelstel=lings: die prinsipiële riglyne wat al ons praktyke en al ons denke oor die onderwys, en al ons beleid=bepalings en toekomsbeplanning in die verband moet rig. (Fourie, 1974, p. 5).

Wanneer die beleid in opvoedkundige sin gebou moet word op die oordrewe subjektiwisme van die eksisten=sialis, en veral Sartre wat sê dat daar geen objek=tiewe ewige norme, geen objektiewe doeleindes bestaan waarvoor die mens hom in sy vryheid kan buig nie, (Pedersen, 1956, p. 139), dan bestaan daar geen norma=tiewe grond nie (Delp, 1935, p. 98) en kies die mens telkens weer voortdurend, ongebonde deur hoër gesag of algemeen aanvaarde kode. Hiermee is die be=langrikheid van gesag in die opvoeding na vore geruk.

Voordat verder ingegaan word op die gesagsvraagstuk, moet die Christelike siening van die vryheid eers kortliks gestel word.

Vir die Christen is vryheid nie die teendeel van ge=bondenheid nie. Vry wees beteken nie los wees van

die wet nie. Ongebondenheid is slawerny. Wie hom vry ag van die wet (wet van God), is slaaf van die sonde. Wie hom in liefde aan die wet van God onder=werp, vervul dit met vreugde, is inderdaad vry - want hy wil Gods wil doen en hy doen wat hy wil. Die eis van die wet is sentraal, radikaal en omvattend. Hier=op antwoord die mens met sy hele lewe. En hierdie lewe het sy oorsprong in die hart van die mens. Vol=gens Van Wyk kan ons daarom sê dat die eis van die wet 'n eis tot religie (respektiewelik religieuse diens, dit wil sê volledige harte-toegewydheid aan God) is en dat die keuse van die mens vir die wet van God, dit wil sê vir die sin-wees, religie is. (Van Wyk, 1974 B, pp. 3 - 4).

Egte menswees is sonder vryheid nie denkbaar nie. Wanneer die mens tot vryheid opgevoed moet word, sal die opvoeding dus daarop gerig wees om die mens in sy volwassenheid as vrye wese te sien. Brillenburg Wurth toon as Christelike denker dat opvoeding en gehoorsaamheid, hand aan hand gaan, en gehoorsaam=heid beteken om te luister na en te buig voor die God-gegewe norm, hoewel hierdie gehoorsaamheid steeds in die rigting van vryheid moet wys. (Brillenburg Wurth, s.d., p. 71). Vryheid is dus geen losban=digheid nie. Om vryheid te verleen beteken nie om die opvoedeling die ongebonde geleentheid te gee om homself te wees nie. In die tydgees en -stemming

van die twintigste eeu twyfel die mens van ons tyd nie daaraan dat hy in absolute sin oor homself beskik nie; dat hy in sy vryheid ongebonde is en aan niemand behalwe homself verantwoordelikheid verskuldig is nie.

Vryheid in sedelike sin, is die ware ideaal van die lewensgemeenskap vir die opvoeding en die sedelike. Alle ware vryheid voed op; maar dan slegs ware vryheid soos die Christen dit ken in onderworpenheid aan die wet van God. Dit impliseer vir die opvoeding om vry te wees, wetsgehoorsaming, ook aan die betrokke in= stansie waarin die opvoeding plaasvind. In die eer= ste plek gehoorsaming aan die skeppingsordinansie en in die tweede plek aan die positiewe wette wat deur die betrokke gesagsdraers daargestel is. Hierdie positiewe wette moet steeds positivering van die liefdeswet wees onder leiding van die betrokke skep= pingsordinansie en sal dus slegs geld vir die betrok= ke terrein waarvoor die gesagsdraer met gesag beklee is. (Taljaard, s.d., p. 195).

Stoker sê tereg dat vryheid weens sy kreatuurlikheid (en dus onselfgenoegsame) in absolute sin afhanklik is van die algenoegsame vrymag van God. Met "moont= likheid van keuse" word nie 'n outonome kiesbevoegd= heid bedoel nie, maar slegs die positiewe, oop moontlikheid vir die keuse, dit sê nog niks oor die kiesing self nie. Kiesvryheid is 'n beheersende

daad van keuse. Dit het universeel menslike onder=worpenheid aan behorenseise. Van elke keuse kan rekenskap van die mens geverg word, hy is met ander woorde toerekenbaar. Verwerkliking van die vryheid as Godgegewe moontlikhede is antwoording, wat reli=gieus gesien, roepingsvervulling is. (Stoker, 1970, pp. 384 -386).

Waar die nadruk by die eksistensialis by herhaling op die mens se eie wil gelê word, moet ons daarteen=oor handhaaf dat die mens se wil net soos die hele mens onderworpe is aan die wil van God. "Nie die menslike wil is die hoogste lewenswaarde nie, maar alleen die Wil van God." (Coetzee, 1960, p. 140).

Die Calvinisme bevestig die idee dat God alles voor=sien maar belet daardeur nie die wilshandeling van die mens nie. Daarom is die alwetendheid, voorbe=skikking en voorsiening van God self die grond en oorsaak van die vryheid van die mens. God ken die vryheid in al sy uitinge, vorme, wette en ordinan=sies. Dit is vir Hom geen onberekenbare en onken=bare willekeur nie. Die vryheid van die mens be=weeg op die terrein, binne die grense, na die natuur en ooreenkomstig die ordinansies wat Hy self, die Soewerein oor die vryheid, daarvoor gestel het. "Met die vryheid waarmee die mens selfs die sonde doen is nog 'n skadu van Gods soewereiniteit." (Coetzee, 1960, p. 141).

Die Calvinis betwyfel nie die feit dat die kind in sy opvoeding gelei moet word tot volwassenheid en verantwoordelikheid om op sy eie bene te staan nie. "God wil juist zeer nadrukkelijk vrije en mondige kinderen ... De Bijbel verfoeit een opvoeding, die slaafs drijft en die steeds in het teken staat van 'Gebod op gebod, regel op regel'." (Brillenburg Wurth, s.d., p. 76).

Uit voorgaande is dit duidelik dat in die opvoedings=praktyk alles slegs tot Gods eer geskied. Die be=staan van 'n outonome, selfgenoegsame mens, kuns, we=tenskap, kennis, staat, kerk of wat ookal, word uit die staanspoor as hipostasering verwerp omdat dit op aantasting van die Goddelike majesteit en 'n oortre=ding van die wet neerkom.

Dit is dus duidelik dat die wetteloosheid en norm=loosheid van die tydsgewrig waarin ons leef dit in besonder noodsaaklik maak dat die leerling op die skool weereens onder die indruk gebring sal word van die wenslikheid van 'n ordelike samelewing. Waar die moderne mens 'n gesagskrisis beleef, het dit noodsaaklik geword dat die valse vryheidsbe=grip van absolute vryheid en bandeloosheid (onge=bondenheid) van die eksistensialis tuis en op skool ontmasker word. Daar moet op positiewe wyse gebou word aan 'n Christelike vryheidsbesef soos dit in 'n

Christelike opvoedingsfilosofie vergestalt word, want daarsonder is chaos die lot van die samelewing.

Alle vorme van assosiasie, kommunikasie en gesagsuit=oefening het 'n pedagogiese aspek, maar nie alle ver=wantskap en nie alle situasies is tipiese pedagogiese situasies nie, want, "Only when there is a conscious attempt to guide a person with regard to his calling in life, his behaviour as moral being, leading him in a particular, direction according to certain norms, can we speak of a typical educational relationship." (De Graaf, 1966, p. 120).

Gesag word deur Brillenburg Wurth gedefinieer as "een zeggen waarop een ander antwoorden moet door in onderworpenheid zich te laten 'gezeggen.'" (Brillen=burg Wurth, s.d., p. 100). Gesag is dus 'n oproep, 'n bevel, 'n gebod, 'n verbod of eis wat tot die mens kom. So kan daar gepraat word van die gesag van God, ge=sag van die staat, die kerk, die onderwyser, ens.

Die opvoeder kry sy gesag oor die opvoedeling uit die fenomeen self. Die onmondige is in sy afhanklik=heid en hulpbehoewendheid op die mondige (opvoeder) aangewys vir hulp en leiding. 'n Mondige kan 'n on=mondige opvoed indien die norme wat hy by die op=voedeling wil tuisbring, ook die norme is waaraan hy gesag toeken. Die onderwyser se gesag is net

soos alle ander gesag, in die woorde van Strauss, normatief taakstellend. (Strauss, 1964, p. 33).

Dit beteken dat gesag slegs bestaan sodat die mens volgens die Godswil, sy aardse tuiste kon onderwerp en beheers. Dit beteken dat die opvoeder 'n "gevol=magtigde gesagsdraer" van God is wat sy gesag nooit op outonome wyse mag aanwend nie. (Strauss, 1964, pp. 33 - 34).

Ook die opvoedeling moet daarvan bewus gemaak word dat gesag oor ander (hetsy dinge, plante, diere of mense) steeds in gehoorsaamheid aan die Goddelike norme aangewend moet word. Geen menslike gesag is absoluut nie. Dit is steeds begrens en alleen as begrensde (onder die wet) gesag enigsins sinvol en God welbehaaglik. Die gesag wat die mens het, is verder altyd verantwoordelike gesag, en hoe hoër die gesag, hoe groter die verantwoordelikheid. (Coetzee, 1960, p. 355).

Vir die eksistensialistiese humanistiese vryheid van die mens, vernietig gesag die vryheid. Die vryheid kom dan uiteindelik op totale ongebonden=heid uit, dit is die bandeloosheid van die outo=noom en gesagslose gewaande mens. Hierdie valse vryheidsbegrip lei dan ook per konsekwensie tot nihilisme, anargie en chaos.

4.10.2 DISSIPLINE EN TUG.

Soos in hoofstuk drie aangetoon het straf deur die opvoeder in die eksistensialistiese beskouing slegs 'n negatiewe betekenis. Die opvoeder sal deur die toedien van straf hom die reg van afdwingbare gesag wat aan 'n absoluut geldende norm ontleen is, toe-eien. Vir die vrye mens is hierdie gesindheid we=sensvreemd, want straf as vergelding vir skuld of dwang tot die aanvaarding van sekere norme, is nie te versoen met die gerelativeerde norm en die vrye keuse van waardes nie. Vir die opvoeding sal dié siening beteken dat woede en lyfstraf alle moontlik=hede van kontak met die opvoedeling vernietig. Ook die subtiele vorms van dwang en straf vernietig die kind se selfstandigheid, aldus die eksistensialisme. (Vgl. Hoofstuk 3, pp. 82 - 86).

By die behandeling van die vraagstuk van die tug, is dit nodig, aldus Coetzee, om tussen sekere terme soos : orde, stilte en "tug", te onderskei. Orde beskou hy as die uitwendige, waarneembare, selfs tasbare toestand in die skool of klas. Orde kan dus beskryf word as die uiterlik goeie gedrag van die leerling. Tug daarenteen, staan in verband met 'n innerlike toestand, die innerlike gedrag van die kind, sy geestelike gesteldheid. (Coetzee, 1960, p. 352). Coetzee sê ook dat die ware tug uit die

diepste van ons wese kom. Net soos orde die voor=waardes vir ons liggaamlike en geestelike ontwikke=ling is, so is tug die voorwaarde vir ons sedelike en godsdienstige ontwikkeling. (Coetzee, 1960, p. 352). Hy onderskei verder tussen uitwendige en in=wendige tug: die eerste is die van die onderwyser op die kind; die tweede is die van die kind op hom=self, die selftug wat in die lewe die allerbelang=rikste is. Die skooltug wil dus die kind in staat stel om daardie kennis, gewoonte, belange en ideale te verwerf wat tot sy eie heil maar ook tot die wel=syn van die gemeenskap is. (Coetzee, 1960, p. 353). Dit bring ons by die toediening van lyfstraf as op=voedkundige en sedelike middel.

Liggaamstraf moet in die opvoeding nooit in die ge=sindheid van wraak toegepas word nie, en daarom kan geen kind tot gehoorsaamheid geslaan word nie. Net soos die naturalis keur die eksistensialis die lig=gaamstraf ten strengste af. Tugmetodes wat liggaam=like pyn veroorsaak, is by hulle onnatuurlik, mens=gemaak, onregverdig, willekeurig, aanranding van die sterkere op die swakkere en alleen doeltreffend in die mate dat dit die gestrafde vreesbevange maak, en selfs met opstand teen die onderwyser vervul. (Coetzee, 1960, pp. 356 - 357).

Die doel wat die Christen-opvoeder met tug as middel probeer bereik, is om die kind te probeer verbeter. Tugtiging tot verantwoordelikheid wat ook straf kan insluit, is nie vir die Christen-opvoeder verkeerd nie. God stel die mens onder sy gesag en dit moet gehoorsaam word. Tereg sê Fourie dat onder die in= vloed van die humanitêre denkbeelde van die "ver= ligte" eeu buite die lig van die Evangelie, die lyfstraf deur baie lande van die wêreld reeds totaal verbied is in hul skole. In die plek daarvan het die onbybelse, heidense leer van die vrye opvoeding gekom : onbybels en heidens omdat dit die Skrifwaar= heid van die erfsonde verwerp en die goeie, onbe= dorwe natuur van die kind bely. (Fourie, 1973, p. 98).

Vir die Christen-opvoeder beteken God se absolute gesag dat God alleen reg het, en dat die mens geen reg het nie, maar slegs verpligting. Die ouer en die onderwyser word die verpligting om sy kinders te tug en ook te straf van Godsweë opgelê. Die Woord van God het ook duidelike voorskrifte ten op= sigte van die tug: "My seun, luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie, want dit is 'n lieflike krans vir jou hoof en sierlike kettings vir jou hals." (Spreuke 1 : 8 - 9) en verder "Hoor julle seuns, na die tug van die vader, en luister om die insig te

leer." (Spreuke 4 : 1). Ook die tug as straf word in die Spreukeboek beskryf. "'n Sweep is vir die perd, 'n toom vir die esel en 'n roede vir die rug van die dwase." (Spreuke 29 : 15).

Die Skrif, en hier veral die Spreukeboek, bring dit duidelik na vore dat dit God self is wat straf en tugtig, (Vgl. Spreuke 3 : 11 - 12), die ouer en onderwyser dien as plaasvervangende gesagsdra= ers, omdat dit so in Gods liefdesgebod verordineer is. Vir die Christen lê die oplossing van die pro= bleem van vryheid in egte liefde. Die vrye "ver= ligte" mens se siening van liefde en vryheid is nie in die Skrif gefundeer nie, en daarom kan die eksistensialis geen oplossing vir die tugvraagstuk van ons tyd bring nie.